**15 Februarie 2026**
**Oggenddiens**
**Sing:** Ps. 2:1,2; Ps.2:6; Ps. 77:1,6; Ps. 45:1,14; Ps. 23:3; Ps. 116; Ps. 65:2,3.
**Lees:** Open. 19:1-10
**Teks:** Open. 19:7
**Tema: As gelowiges deel ons in die vreugde van die bruilofsmaal van die Lam.**
***Vreugde oor die bruilofsmaal***
Wanneer ons al die beproewinge en aanvegtinge in hierdie wêreld sien lyk dit soms of dinge buite beheer is. Ons sien soveel dinge wat verkeerd loop in ons lewe en samelewing, dat ons maklik moedeloos kan word. Te midde van al die aanslae wat daar in die wêreld is troos die Here sy kinders met die openbaring dat Hy die oorwinnaar koning is en dat Hy die bruilofsmaal van die Lam gee. Hy het duie aanslae van die Satan en sy bose magte oorwin sodat ons ewige vreugde kan geniet
***Voorbereiding vir die bruilofsmaal***
Die vreugde van Christus vervul die kerk as bruid van Christus. Om die volheid van hierdie vreugde te ontvang moet die bruid haar ook voorberei vir die bruilofsmaal. Die bruid maak haar egter nie gereed deur haar eie werke nie, maar deur die werke van Christus self. Hy het haar geregverdig en geheilig om vir hom aanneemlik te wees. die voorbereiding geskied wanneer ons ons self ondersoek voor ons na die Nagmaal kom.
***Saligheid in die bruilofsmaal***
Die gelowige kinders wat na die bruilofsmaal van die Lam genooi is word eindelik salig verklaar. Die wat deel aan die bruilofsmaal van die Lam is ontvang die goddelike geluk wat deur Christus aan hulle gegee is. Hy het dit vir sy kinders verwerf aan die kruis op Golgota en in die wederkoms sal die volle saligheid vir ons ontsluit word. Juis omdat ons nou reeds hieraan deel gekry het kan ons met vreugde na die feesmaal van die Here kom.

**Aanddiens**
**Sing:** Ps. 145:1,2,3; Ps. 145:6,7; Ps. 145:10,12.
**Lees:** Eks. 3:1-22; Son 36
**Teks:** Eks. 3:14; Son 36
**Tema: God maak sy Naam aan ons bekend, daarom moet ons eerbiedig daarmee omgaan.**
***God openbaar sy Naam***
Ons God alleen en reg te aanbid beteken ook dat ons God reg moet ken. Ons kan Hom ken op grond van sy Naam wat Hy aan in sy Woord aan ons geopenbaar het. Wanneer Moses op die berg Horeb by die brandende doringbos maak die Here sy Naam aan Hom bekend. Sy Naam is “Ek is wat Ek is”. Met hierdie Naam kan die volk presies weet wie dit is wat hulle uit die slawehuis van Egipte sal uitlei. Hy is die Here wat getrou is aan al sy beloftes en die beloofde land aan sy volk sal gee. Hy is die Here wat teenwoordig is in die midde van sy volk en hulle in alles beskerm. Hy is die Here wat getrou is aan sy Woord.
***Ons gebruik van sy Naam.***
Waar die Here sy Naam aan sy volk bekend gemaak het moet hulle nou ook weet hoe hulle met hierdie naam van die Here moet omgaan. In die behandeling van die derde gebod word daar in die eerste plek aandag gegee aan die misbruik van die Naam. Laster, vloek valse eedswering en onverskillige omgang met die Naam van die Here kom alles neer op die misbruik daarvan. Die teendeel hiervan is dat die gelowige kinders van die Here gebied word om met ootmoed en alle heiligheid met sy Naam om te gaan. Deur die regte gebruik van sy Naam moet ons Hom verheerlik en sy Naam reg in die midde van die gemeente bely.
***Die toorn oor die misbruik van sy Naam.***
Ons Vader is so jaloers op sy Naam dat Hy hom ten diepste oor die lastering daarvan vertoorn. Die klein mens wat sy hand teen die hemel ophef en die Naam van die Here bespot sal met die volle gloed van God se toorn getref word. Daar is geen minder straf as net die dood nie. Juis in die erns van hierdie straf sien ons die wonder van die genade in Christus. Hy het die sonde teen die derde gebod aan die kru